*Vrydag* **24 Oktober**

**Skrifgedeelte: Romeine 9:1-18**
**Fokusgedeelte: Romeine 9:6-9 (AFR83)**
**Uitverkiesing getuig van God se groot genade**

Ons word hier ’n belangrike beginsel geleer waarin die uitverkiesing begrond is en Paulus illustreer dit met ’n baie mooi voorbeeld. Hy wys ons dat die uitverkiesing begrond is in die genade van God, en die voorbeeld wat hy gebruik is Abraham se twee seuns (Rom. 9:6-9).

Omdat Abraham en sy vrou Sara nie kon kinders kry nie, het sy dit goedgevind dat hy ’n kind by haar slavin moes kry. Ons kan amper sê dat Ismail in eie krag verwek is, want hulle het iets gedoen om die kind te verwek.

Die ander seun van Abraham was Isak. Hierdie kind is nie uit eie krag gebore nie, want beide Abraham en Sara was al baie oud en daarom was dit menslik gesproke onmoontlik vir Sara om ’n kind in die wêreld te bring. Hierdie kind is alleen op grond van die belofte wat God aan Abraham en Sara gemaak het, ontvang en gebore.

Wat Paulus met hierdie voorbeeld beklemtoon, is dat die rede vir uitverkiesing nie enigsins iets is wat ons is of doen nie. Net soos Abraham niks in homself kon doen om ’n kind by Sara te verwek nie, so kan gelowiges ook nie iets doen om gered te word nie.

Uitverkiesing getuig van die groot genade wat ons uit die hand van die Here ontvang. As daar dan niks is wat ons kan doen om gered te word nie, dan kan die besluit van God ook nie onregverdig wees nie. Dis bloot genade wat ons ontvang en omdat God die gewer van daardie genade is, kan Hy dit gee aan wie Hy dit ook al wil gee.

Dit beteken natuurlik nie dat ons al die antwoorde op die uitverkiesingsleer het nie, maar dis juis in daardie misterie van God se groot genade wat ons ’n heerlike troos en krag ontvang.

*Sing: Psalm 105-1:1, 5*

*Dr. PJ (Paul) de Bruyn (Windhoek-Suid)*